LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 10
15 Maart 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EINDE VAN EERSTE KWARTAAL
Ons kyk terug na 'n eerste kwartaal wat verby gevlieg het en 'n Paasfees wat op hande is. Ons is dankbaar aan ons Skepper vir al Sy seëninge wat Hy oor ons skool uitstort.

Ek wens almal 'n rustige en lekker vakansie toe. Spandeer tyd as gesin saam, ry veilig en kom uitgerus terug.

DIE SKOOL OPEN OP DINSDAG, 2 APRIL 2019 OM 08:00

SKOOLDRAG
Leerlinge trek volgende kwartaal nog steeds somersdrag aan, maar wanneer dit koud is kan hulle die korrekte wintersdrag aantrek. Vanaf 2 Mei 2019 sal wintersdrag verpligtend wees. Onthou asseblief dat sweetpakbaadjies nie deel van wintersdrag is nie.

Graad 1 – 3 leerlinge trek op die dae wanneer hulle LO het, LO drag met hulle skoolsweetpak en tekkies aan. Dae sal deur onderwysers deurgegee word.

OUERINLIGTINGSVERGADERING OM 17:30

OUEROGGEND- EN AAND OP 8 APRIL 2019 OM 07:30 – 08:00 EN 18:00 – 19:00.

U ONTVANG VANDAG DIE VOLGENDE:
Kwartaalprogram
Buitemuurse program
Leerder Gedragsverslag (KDDS)

VAKANSIEDAE GEDURENDE DIE WEEK
Ouers let asseblief daarop dat indien daar 'n openbare vakansiedag in die middel van die week is, bv. vakansiedag is op 'n Woensdag, dan begin die skool die Donderdag om 07:15 en nie 08:00 nie.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

MNR D JOUBERT (SKOOLHOOF) SE EPOS ADRES HET VERANDER
hoof@laervolkskool.org

OUPA- EN OUMADAG 18 APRIL 2019: 10:00 TOT 12:00
Daar is nog kaartjies vir Oupa- en Oumadag beskikbaar, indien u nog belangstel. Stuur asb. die vorm met die korrekte bedrag aan die klasonderwyser teen 8 April 2019.

SPORT

TENNIS
Die volgende leerlinge het vir die OP Plattelande teen Albanie gespeel: Ruan van der Merwe, Louwen Wolfaardt, Petrus Wolfaardt, Francois Naudé en Louis de Wet. Ons is trots op julle!

Ruan van der Merwe en Louwen Wolfaardt het die afgelope naweek aan n OP Tennis toernooi te Cradock deelgeneem.
Hulle het onder 12 gespeel en daar was baie sterk spelers van Border asook Vrystaat. Hulle twee het baie mooi tennis gespeel en in n draw van 16 spelers het Louwen 5de geeïndig en Ruan het 6de geeïndig. Baie geluk julle twee met die pragtige tennis wat julle gespeel het. Twee top tennis spelers. Trots op julle.

FRANS ERASMUS NETBALTOERNOOI 2019
Die o.13 netbalspan het op 8- en 9 Maart 2019 deelgeneem aan die Frans Erasmus Netbaltoernooi by Hoërskool P.J. Olivier in Grahamstad. Alhoewel die toernooi in gietende reën op glibbernat bane gespeel is, het die dogters dit baie geniet. Die uitslae was as volg:

OPPONENT	UITSLAG	
Dr Viljoen	Verloor	4 - 6
PJ Olivier	Wen	6 – 2
Port Alfred Primary	Wen	10 - 8
Setlaarspark	Wen	7 – 4
De Vos Malan	Verloor	4 - 12

Baie dankie aan elke speelster vir jul deelname en goeie gedrag. Dankie aan die ouers vir jul ondersteuning. Dankie ook aan mevv Caricato en Joubert wat die dogters vergesel het.

NETBAL
Die o.8 en o.9 netbalspanne het Saterdag, 9 Maart deelgeneem aan Laerskool Karel Theron se Netbaldag. Die uitslae is as volg:

OPPONENT	UITSLAG	
o.8		
Burgersdorp A	Wen	7 - 1
Cradock	Wen	10 - 0
Burgersdorp B	Wen	5 – 4
o.9		
Hangklip	Verloor	4 – 2
Cradock	Wen	3 – 1
Michausdal	Wen	6 – 1
Balmoral	Wen	5 - 4

HOKKIE
Die o.10 hokkiedogters het op 9 Maart 2019 aan ‘n Mini-hokkie toernooi te UHS deelgeneem.
Die uitslae is as volg:

OPPONENT	UITSLAG	
Cradock	Verloor	0 - 1
Union B	Wen	6 - 0
Union A	Verloor	0 - 1
Summerwood Yellow	Verloor	0 - 3
Victoria Primary	Verloor	0 - 4

BOOGSKIET:
Op Saterdag, 9 Maart het Rikus Kleyn, Adriaan Blignaut en Freddie van der Mescht deelgeneem aan die boogskietkompetisie wat deur Hoër Volkskool aangebied is op hulle eie velde. Deelnemers van skole in Port Elizabeth, Uitenhage en Despatch het kom deelneem. In beide die Bulls Eye en 3D-afdelings vir laerskole behaal Freddie 'n eerste plek en Adriaan 'n derde plek met baie goeie tellings vir die dag.

RUGBY TEEN PJ OLIVIER
Ten spyte van 'n baie nat naweek, het die spelers weereens gewys waartoe hul in staat is. LVS teken 110 punte aan met net 15 punte teen hulle. Die uitslae is as volg:

OPPONENT	UITSLAG
PJ Olivier	LVS wen 30 - 0
Cradock	Cradock wen 10 - 0
Port Alfred Primêr	LVS wen 50 - 5
Frans Conradie	LVS wen 5 - 0
Hangklip	LVS wen 15 - 0

SWEM
Op Maandag, 11 Maart 2019 het 17 van ons swemmers aan die jaarlikse Inter-Distrikte Gala te Oos Londen deelgeneem. Ons het die Sondag reeds vertrek en by Lekkeroord oornag. Alhoevel die weer nie ten gunste van swem was nie, het dit nie ons swemmers afgeskrik nie en het ons in reën en koue weer heel goed gevaar en 'n hele paar medaljes los geswem. Baie geluk aan Cara van der Merwe, Elné Viljoen, Carlien Oosthuizen, Francois Naudé, Aidan Thiart, Hannes van der Merwe, Mark Blom, Hugo Botha en Anrich Nieuwoudt wat medaljes ontvang het. Ons het huis toe gekom met 1 Goud, 5 Silver en 7 Brons. Volkskool is baie trots op julle en elke swemmer wat geswem het.

TOP 8
Op Saterdag, 9 Maart 2019 was dit weer tyd vir die jaarlikse Top 8 Gala waar swemmers op uitnodiging deelgeneem het. Baie geluk aan die volgende swemmers wat geswem het. Uitslae is as volg:

Swemmer	Vlinderslag	Borsslag	Rugslag	Vryslag
Aidan Thiart			5de	
Hannes vd Merwe		5de		
Mark Blom				4de
Anrich Nieuwoudt	1ste		5de	3de

BURGERSDORP SPORTDAG, 6 APRIL 2019
Burgersdorp Sportdag is nie tuis soos op die vorige sportprogram aangedui nie, dit is in Burgersdorp. Die spanne wat voorlopig gaan, is soos volg:

Hokkie	Netbal	Rugby
o.13 A en B	o/13 A,B en C (afhangende van netbalproewe)	o.13 A en B (afhangende van leerlinge se beskikbaarheid)
o.10 A	o.11 A en B	o/11 A en B
o.9 A	o.10 A	o.9 A
o.8 A	o.9 A	o.7 A
o.7 A	o.8 A	

GEDAGTE VIR DIE WEEK

WAG EN VERTROU OP GOD

As jy vir die Here iets sou vra
en dit lyk of Hy huiwer of terughou,
beteken dit dat jy moet wag
en in stilte op Hom moet vertrou.

Psalm 25:21

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803